**Op pad na Sinai: Voorbereiding**

**Eks 15:22-17:7**

**14 April 2024**

1. Vantevore: Geloof bestaan uit objektiewe kennis van die Here se beloftes en subjektiewe vertroue daarin. By die Rietsee het die volk net die Egiptenare en see gesien, terwyl Moses die beloftes van die Here vasgehou het – daarom kon hy hulle aanmoedig: Moenie bang wees nie, staan stil en aanskou die verlossing van die Here. Die Here het dit alles bewerk sodat Sy Naam verheerlik sou word, en Sy volk sou leer om te bid, om Sy teenwoordigheid te besef, om Sy verlossing te verwag, en om te groei in hulle geloof.
2. Bitterwater by Mara (Eks 15:22-27)
    a. Drie dae na die Rietsee-gebeure (v22)
    b. Daar was water, maar dit was bitter (v23)
    c. Moses moes hout/boom in water gooi – wat die Here hom gewys het (v25) – water word soet
    d. Voorskrif van die Here: volk moet noukeurig let op gebooie van die Here (v25b-26)
3. Kwartels en manna in die Sinwoestyn (Eks 16:1-36)
    a. 1 maand na die Rietsee-gebeure (v1)
    b. Volk was oortuig hulle gaan sterf van honger (v3) – was eintlik net onvergenoegd
    c. Toets van die Here: Gaan hulle Sy wet gehoorsaam? (v4)
    d. Inhoud van die toets is hoe hulle die manna moes eet:
        - Elke dag net genoeg vir die dag (v4)
        - Sesde dag – dubbel, sewende dag – rusdag (v5, 29-30)
        - Niks mog oorbly tot volgende dag nie (v19)
    e. Volk was slordig in hulle optrede: het laat oorbly (v20), sewende dag uitgegaan (v27)
    f. Moes 'n kruik vol manna bewaar vir nageslag (v32-34)
4. Water uit die rots by Refidim (Eks 17:1-7)
    a. Geen water nie (v1)
    b. Die volk daag die Here uit: Is die Here in ons midde of nie? (v2,7)
    c. Moses moes die rots slaan, terwyl die Here op die rots staan (v6) – water het gevloei
5. Wat die Here aan ons openbaar deur hierdie drie insidente
    a. Nuwe Testamentiese perspektief:
        - Joh 4:9-14 – Jesus is lewende water wat werklik dors les, lei tot ewige lewe
        - Joh 6:27-35 – Jesus is die ware brood wat uit die hemel gekom het
        - 1 Kor 10:1-4 – Jesus is die geestelike rots
    b. Die volk was reeds uitverkies, het reeds tot geloof gekom, is reeds verlos
    c. Mara: Verloste gelowiges het soet water nodig, wat deur Jesus soet gemaak is, om die voorskrifte/gebooie van die Here te kan nakom
    d. Sinwoestyn:
        - Verloste gelowiges moet gereeld eet van die ware brood, dit is Jesus.
        - Verloste gelowiges moet reg eet – hulle moet die voorskrifte akkuraat hou
        - Verloste gelowiges is onsuksesvol om die voorskrifte akkuraat te hou
    e. Refidim: Om toegang tot lewende water te behou, moes die rots (dit is Jesus) geslaan word vir elke oortreding van gelowiges
    f. Voorbereiding vir Sinai waar die Here:
        - Sy wet gee
        - Voorskrifte vir die tabernakel/offerdiens gee